

Hoofstuk van die dag: 1 Johannes 3

> *Elkeen wat in Hom bly, sondig nie meer nie; elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien, en Hom nie leer ken nie. (vers 6, 2020-vertaling)*

Ons weet dat ons daarna moet strewe om so min sonde moontlik

te doen. Maar Johannes is nie daarmee geneë nie. As jy sondig, het jy Hom nie gesien nie en ken jy Hom nie. Punt.
As jy eerlik is, sal jy saamstem dat dit beteken daar is nie hoop nie. Gelukkig is dit nie wat Johannes bedoel nie. Daarom praat die 1983-vertaling van “hou nie aan sondig nie” – niemand wat in Christus bly, maak ’n gewoonte daarvan om aan te hou met sonde nie. Ware gelowiges sterf hulle ou sondige gewoontes af en vervang dit met nuwe gewoontes van geloof en liefde.
Dis soos iemand wat gewig wil verloor deur eetgewoontes te verander. Jy word nie oornag maer nie, maar as jy vasbyt, gebeur dit mettertyd wel.
Dit beteken dat jy moet vasbyt in jou geloofstryd. Die geheim is om nie teen die sonde te stry en daarop te fokus nie, maar om jou fokus op Christus te stel, en te werk aan jou verhouding met Hom. Só sal jy gaandeweg in Christus se krag oorwinnings oor sonde behaal.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026